A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-21

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 385

(Bladsye 22 289 - 22 346 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 21 APRIL 1988.

CHARMAINE NOBANTU SAM, v.o.e. (Deur tolk)

MR TIP : All the accused are present. Accused no. 9, Mr Ramakgula, your lordship will remember is diabetic and for various symptomatic reasons is becoming alarmed about his condition. He is anxious to make an appointment to see the doctor tomorrow. I have asked that he try to see the doctor in the afternoon, so as not to require absence. If that is impossible and he can only see a doctor in the morning, would your lordship provisionally grant him consent to accept ... (Court intervenes)

COURT : Will you raise the matter tomorrow morning again?

MR TIP : I will do that.

MNR. FICK : Dit is nie reg nie, beskuldigde nr. 13 is nie hier nie.

MR TIP : I beg your pardon. I was informed that they were all here. I am sorry. There is a bit of a confusion. It is not accused no. 13. It is in fact accused no. 14 who is not here. He was given leave yesterday.

COURT : That is also noted.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Juffrou, ons was gister besig met die MSC wat daar gevoer was in Graaff-Reinet en u het ontken dat die kampanje by die skool gevoer is. Is dit reg? -- Dit is so.

Ek wil graag aan u ŉ aantal foto's toon. Ek verwys na BEWYSSTUKKE AAY26, 27 en 28. Dit is fotokopieë.

HOF : Indien daardie foto's vir u onduidelik is, moet u vir my sê dan herhaal ons dit met die vraag met die oorspronklikes. -- Die fotokopieë is nie vir my duidelik nie.

Ons sal nou vir u die oorspronklike toon. Ek dink u moet aangaan met ŉ ander onderwerp intussen. Ons sal terugkom

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na die foto's.

MNR. FICK : Die volgende onderwerp wat ek met u wil behandel is die kwessie van die skoleboikot, die klasseboikot. Ek wil aan u vra, is dit nie so dat voor hierdie ding, die bakleiery begin het tussen Pase en 'n ander skolier was daar eers 'n ander voorval in verband met 'n boikot by julle skool nie? -- Dit is nie so nie.

Ek wil aan u stel dat daar by julle skool het julle begin met die boikot, 20 Februarie 1984? -- Dit is nie so nie.

En ek wil aan u stel hierdie boikot van 20 Februarie sou oor die hele paar dae duur, want julle het die boikot van die klasse gedoen ter herdenking aan die dood van Robert Sobukwe? -- Dit is nie so nie.

Ek wil dit aan u stel dat Robert Sobukwe was 'n man van Graaff-Reinet en hy was begrawe in Graaff-Reinet ? -- Dit is so.

En is dit so, weet u of hy oorlede is op 27 Februarie tien jaar terug, dit is 1978? -- Ek is nie daarvan seker nie. As dit die geval is, was ek nog baie klein gewees.

Net terloops, ek sien beskuldigde nr. 1 het 'n lapelwapen aan waar die tiende herdenking van Sobukwe se dood herdenk word op die oomblik in die hof, u edele.

HOF : Hy kan nou maar sy hand van sy ken afhaal sodat ons ook kan kyk.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel daar was toe 'n klasseboikot, die skoliere het skool toe gekom maar hulle het nie klasse toe gegaan nie? -- In watter tyd praat u van?

Van 20 Februarie 1984 het julle nie skool gegaan nie, julle het net op die skoolterrein gesit? -- Dit is nie so nie.

Ek wil dit verder aan u stel, julle het gesit en vryheidsliedere sing en slagspreuke geskreeu in plaas van om skool

te/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe te gaan? -- Dit is nie so nie.

Ek wil aan u verder stel dit was tydens hierdie boikot al wat julle geskreeu het "Viva UDF, Viva GRYCO" en ander slagspreuke? -- Dit is nie so nie.

En ek wil ook aan u stel dit is op hierdie stadium wat skoliere al begin het om UDF T-hempies te dra skool toe? -- Dit is nie so nie.

U getuienis is verder oor die boikot dat daar was ŉ bakleiery gewees tussen Spiri Pase en ŉ ander student? -- Dit is so, ja.

Die ander student het die van gehad van Erasmus? -- Dit is so, ja.

En is dit nie so nie, dit was nie eintlik ŉ werklike bakleiery tussen die twee nie, maar Spiri Pase het die man aangerand en hierdie skolier het gehardloop na die administratiewe kantore toe en hy het daar gaan wegkruip vir Spiri Pase? -- Dit is nie so nie.

Ek wil aan u stel Spiri Pase is deur die skoolhoof ontbied om te kom verduidelik wat daar aangaan en hy wou nie kom nie? -- Dit is nie so nie.

HOF : Hoe weet u? -- Omdat hy, Spiri, vir die skoliere daar gesê het dat hy geroep was na die kantoor toe, dit is die skoolhoof se kantoor om te gaan verduidelik wat hy wel gedoen het.

MNR. FICK : Na etlike versoeke van die skoolhoof het Spiri Pase uiteindelik opgedaag by die skoolhoof, waar hy aanvanklik nie wou kom nie? -- Nee, hy het soontoe gegaan die eerste keer wat hy geroep was.

Hoe weet u dit? -- Soos ek alreeds nou net vir die hof gesê het, hy het dit aan ons gesê.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, al wat u weet van hierdie voorval tussen Spiri Pase en die skoolhoof is wat Spiri vir julle sou vertel het? -- Nee, dit is nie so nie.

Nou watter ander kennis het van wat tussen Pase en die skoolhoof gebeur het behalwe wat Pase gesê het? -- Daar was afgevaardigdes van die skoliere wat gestuur was na die skoolhoof toe. Toe hulle soontoe was het die skoolhoof aan die afgevaardigdes ook verduidelik wat gebeur het. Dit is na aanleiding daarvan dat ek ook toe van hulle gehoor het toe hulle teruggerapporteer het aan die skoliere.

U sê verder in u getuienis dat u was teenwoordig toe die geval van Spiri Pase onder die studente bespreek is? -- Dit is so.

Wie het hierdie studente bymekaar geroep? -- Spiri se klasmaats het die studente bymekaar geroep.

In skooltyd? -- Dit is so, ja.

En toe hou julle vergadering van al die skoliere? -- Dit is so.

Hierdie afvaardiging van studente wat u van praat, wie het hulle aangestel? -- Die skoliere.

Wie was die afvaardiging? Gee hulle name? -- Ek sal nie kan onthou wat die name van die persone was nie, want dit is jare terug dat hierdie voorval plaasgevind het.

Ek stel aan u u vertel 'n klomp leuens vir die hof. Hoe is dit moontlik dat u vir die hof kan vertel wat die mense vir u gesê het, maar u kan nie onthou wie die mense is nie? -- Ek vertel die waarheid. Ek vertel nie leuens nie.

U kan nie een van die afgevaardigdes se naam onthou nie? -- Ek was nie een van die afgevaardigdes nie. Dit is om daardie rede dat ek nie kan onthou nie.

Hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hierdie afvaardiging van skoliere, het hulle met julle ŉ paar keer gedurende die boikot kom praat? -- Dit was nie elke keer dieselfde persone gewees wat as afgevaardigdes gestuur is nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net seker maak oor een punt. Is die afgevaardigdes gestuur voordat Spiri na die hoof toe gegaan het? -- Na hy alreeds by die skoolhoof was.

MNR. FICK : En die skoolhoof se houding was maar hierdie ding het niks met die skoliere uit te waai nie, dit is ŉ ding tussen die skoolowerheid en Pase. Is dit reg? --Ja, dit is so.

U sê verder na hierdie houding bekend geword het van die skoolhoof het die skoliere ŉ verdere besluit geneem oor hierdie boikot? -- Die skoolhoof is weer op verskeie geleenthede genader en na dit bekend was. Dit was voor enige verdere besprekings aangaande die skoolhoof se houding bespreek was.

En toe die skoolhoof daarna nie sy houding wou verander nie, het julle ŉ verdere besluit geneem. Is dit reg? -- Nee, nie onmiddellik nie. Wat gebeur het is dat Spiri se ouers ook die rol moes gespeel het van die ouers se kant deur die skoolhoof te nader aangaande hierdie aangeleentheid.

Kan ons dit net so kry, is dit nie so dat Pase is toe uiteindelik weer toegelaat by die skool nadat hy skriftelik om verskoning gevra het teenoor die skoolhoof vir sy gedrag nie? -- Nee, hy is nooit nie.

Ek sal terugkom daarnatoe netnou. Op ŉ stadium het julle skoliere ŉ besluit geneem, volgens u nou, in verband met die kwessie van Pase. Wat se besluit was dit wat julle geneem het? -- Dit was besluit gewees dat ons nie die klaskamers gaan bywoon vir klasse nie tot tyd en wyl hy

hertoegelaat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hertoegelaat word by die skool.

Kan u vir die hof min of 'n meer 'n datum gee wanneer julle hierdie besluit geneem het? -- Ek is nie seker van die datum nie, behalwe dat ek vir die hof kan sê dat dit gedurende Aprilmaand was.

Ek wil dit aan u stel dat voor hierdie voorval wat van praat in Aprilmaand is Pase hertoegelaat tot die skool? -- Dit is nie so nie.

En ek wil aan u stel alles het toe taamlik normaal by die skool gegaan tot die volgende voorval wat ek nou met u sal behandel. Het julle 'n prefekstelsel by julle skool gehad? -- Ja, ons het.

En was die skoliere tevrede daarmee of wou hulle 'n ander stelsel gehad het? -- Ek sal dit nie kan getuig nie, want dit was nie deur die skoliere onder mekaar bespreek nie.

Het julle nooit gepraat oor 'n sogenaamde SRC vir julle skool, 'n "students representative council" nie? -- Dit is nie so nie.

Nooit in 1984 ooit was daar so 'n versoek gewees uitgespreek deur die studente dat hulle so iets wil hê nie? -- Dit was eers bespreek na dit duidelik was aan die skoliere dat die prefekte geen rol gespeel het namens die skoliere met betrekking tot die feit dat hierdie skolier van die skool weggejaag was nie.

Wanneer het julle die eerste keer begin praat oor SRC's by julle skool? -- Dit was voor die skole gesluit het vir Junie vakansie.

1984? -- Dit is so.

Ek wil aan u stel u is verkeerd. Dit is sommer in Maartmaand al? -- Dit is nie so nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel, julle skoliere het weer na die skoolhoof toe gegaan en gesê julle gaan ŉ massavergadering hou in skooltyd want julle wil die kwessie van SRC's by julle skool bespreek en toe weier die skoolhoof dit? -- Dit is nie so nie.

Dan wil ek dit verder aan u stel toe dit bekend geword het dat die skoolhoof weier dat julle in skooltyd ŉ massavergadering hou het hierdie Spiri Pase daar by die St. 8 klasse in en hy het skoliere daar uitgejaag en gesê "Nou hou ons ŉ vergadering"? -- Dit is nie so nie.

En as gevolg van hierdie optrede van Pase is hy toe die tweede keer geskors van die skool af? -- Dit is nie so nie.

Die vergadering wat u van praat waar daar besluit is dat die klasse geboikot gaan word, wie het hierdie vergadering byeen geroep? -- Die klasmaats van hom.

En die hele skool se skoliere het toe weer die vergadering bygewoon? -- Dit is so.

In skooltyd het julle toe hierdie besluit geneem? -- Dit is so, ja.

En is dit nie so nie, vir al hierdie vergaderings waarvan u sover gepraat het wat julle so in die skooltyd gehou het, het julle nie een voor toestemming gehad nie? -- Die een waarvan ek en u praat het ons voor toestemming gekry.

By wie? -- Die hoof van die skool het die toestemming gegee.

Het julle vir die hoof van die skool gesê "Kyk, ons wil nou vergadering hou om te besluit wat moet gemaak word omdat jy nie wil luister as ons sê Spiri Pase moet teruggebring word nie" toe gee hy toestemming? -- Dit is so.

Nou stel ek dit aan u net volledigheidshalwe u vertel

leuens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

leuens. Daar is nooit toestemming gegee vir hierdie vergadering nie. Dit is alles onwettig gehou sonder toestemming? -- Ek vertel die waarheid.

En u sê toe vir die hof die meerderheid van die skool het toe deelgeneem aan hierdie klasseboikot? -- Dit is so.

Hoe lank het hierdie klasseboikot aangegaan? -- Twee weke.

Wat het die meerderheid skoliere loop maak as hulle daar by die skool kom? -- Hulle het net daar buite die klaskamers gesit.

Het julle nie vergaderings gehou en gepraat oor wat moet julle nog doen aan hierdie saak nie, dit gaan nou al twee weke aan en daar gebeur niks nie? -- Dit het gebeur dat daar samesprekings gevoer was omdat daar niks gedoen word tydens die klasseboikot nie.

Julle het darem seker 'n bietjie gesit en sing ook? -- Dit is so.

"Freedom songs", nè? -- Wat beteken 'n "freedom song"?

Kom ek vra vir u so, wat het julle gesing? -- Enige lied waarop enige persoon besluit het om te sing het ons aan deelgeneem.

Het julle gesing van Mandela? -- Dit is nie so nie.

Waaroor het die liedjies gehandel wat julle gesing het? -- Byvoorbeeld "Senzeni na" is een van die liedere wat gesing was.

HOF : Noem nou maar almal op wat u kan onthou? -- Ndikhokhele Yehova. Asoze Sohlukane Nenqweba Ukuba Siyayithanda. Dit is omtrent al wat ek onthou van die liedere wat daar gesing was.

Is dit twee liedere Asoze en Ukuba of is dit twee liede? -- Dit is een lied.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, wat u alles opgenoem het is drie liedere? -- Dit is so, ja.

En is dit kerkliedere? -- Een van hulle is ŉ kerklied.

Die eerste een? -- Nee, die tweede een.

Wat is die eerste een dan? -- Dit is nie noodwendig ŉ kerklied nie. Dit is ŉ lied wat gesing word deur enige persoon wat nie gelukkig voel in sy siel nie.

MNR. FICK : En die derde lied, wat se lied is dit? -- Dit is ŉ lied wat gewoonlik gesing word deur skoliere wat eintlik ŉ aanduiding is dat die skoliere hou van die skool waar hulle skool loop.

HOF : Kan u dit net vir ons vertaal, asseblief, mnr. Die Tolk? -- Al drie?

Nee, hierdie laaste een Asoze? -- We are not going to leave or be separated from school, because we like schooling.

MNR. FICK : U sing nou hierdie lied terwyl u die skool boikot? -- Dit is so.

Ek wil aan u stel julle het ook gesing oor Mandela en Tambo? -- Dit is nie so nie.

Is dit tydens hierdie boikot wat julle geskreeu het, wat die mense geskreeu het van "Viva UDF" en "Viva GRYCO"? -- Dit is so.

GRYCO was verteenwoordig deur skoliere by hierdie skool. Is dit reg? Julle het baie skoliere wat lid van GRYCO is? -- Dit is so.

En julle het seker die kwessie van hierdie Pase wat lid is van GRYCO gaan opneem met GRYCO en vergadering gehou by GRYCO oor hierdie voorval? -- Dit is nie so nie.

Maar hoekom nie? Dit is dan ŉ organisasie van skoliere en een van die lede is nou, soos julle sê, benadeel, waarom

hou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hou julle nie vergadering nie? -- Dit is omdat ons destyds dit daar goed gedink het dat wat daar plaasgevind het, het te doene met die skoliere en is net goed om behandel te word deur skoliere. Dit is om daardie rede dat dit by die skool behandel was.

Ek wil met u gaan na die voorval op 24 April 1984 by die skool. Toe julle by die skool kom het julle nog steeds aangegaan met hierdie skoleboikot na die langnaweek? -- Dit is so, ja.

Julle het toe, volgens u, weer besluit om met die skoolhoof te gaan praat? -- Dit is so.

Julle het die dag weer 'n vergadering gehou en daar is toe besluit dat die voorsitter van die skoolkomitee moet betrek word by die saak? -- Dit is so.

Wat verder gebeur het moet ek vir u eerlik sê u getuienis maak nie vir my veel sin nie. Julle het toe 'n afvaardiging na die skoolhoof toe gestuur en julle ander klomp het gewag buite. Is dit reg? -- Dit is so, ja.

Die afvaardiging het teruggekom en gesê die skoolhoof sê die man is nie beskikbaar nie, hy is op verlof? -- Dit is so.

Julle hou toe weer vergadering en julle besluit toe julle is nie tevrede nie, want julle glo nie hierdie man is nie beskikbaar nie? -- Dit is so, ja.

Wat besluit julle toe? -- Dit was besluit daar dat daar een skolier gestuur moet word om te gaan verseker dat die voorsitter nie tuis was nie.

Het julle ook besluit om die skoolhoof daarvan in te lig? -- Hulle het nie die skoolhoof gaan sê nie, maar hulle het sy toestemming gaan vra.

Vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Vir wat? -- Of hy sy goedkeuring gee dat ons iemand moet stuur om te gaan kyk of die skoolkomitee se voorsitter nie tuis is nie.

Wat was die reaksie van die skoolhoof? -- Hy het ingestem.

U het dan verder getuig hierso dat op 'n stadium het die skoolhoof kom sê dat hy as die skoolhoof sal die skoliere nou dwing om in die klasse te gaan? Wanneer het dit nou gebeur? -- Toe die afgevaardigdes van skoliere die skoolhoof vir die eerste keer genader het om hom te vra of hierdie ding nie verder nog 'n keer bespreek kan word nie.

HOF : Is dit nou voor hierdie dag? -- Nee, dit was dieselfde dag gewees.

MNR. FICK : Was dit nou nadat die skoolhoof gesê het dat hierdie voorsitter is nie beskikbaar nie? -- Dit is so, ja.

Was dit nou voor of na julle die skoolhoof gaan sê het julle gaan die voorsitter ontbied? -- Dit is voor dit.

Dan het u verder getuig dat julle het die hekke gesluit van die skool. Wanneer het dit nou gebeur? -- Net na hierdie skolier gestuur was is die hek toe gesluit.

HOF : Toe hy nog weg was? -- Toe hy nog weg was, ja.

Maar hoekom? -- As gevolg van die opmerking wat gemaak was deur die skoolhoof dat hy die skoliere sal verplig om die klasse by te woon, was daar toe 'n vrees gewees dat hy dalk die polisie kan laat kom. Dit is dus die rede dat daardie hek gesluit was.

MNR. FICK : Waar het julle die slot en die goed gekry om die hek te sluit? -- Een van die skoliere daar het 'n slot saamgebring.

Hy het dit toevallig handig by hom gehad? -- Ek weet nie.

Die skolier is nou weg volgens u om te gaan soek waar

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is die voorsitter van die skoolkomitee, die hek is gesluit en wat is die volgende ding wat gebeur? -- Die skoliere, dit wil sê die afgevaardigdes van die skoliere, moes by die skoolhoof se kantoor gewag het tot tyd en wyl die skolier teruggekom het wat na die voorsitter se huis toe was.

En julle ander skoliere, waar was julle? -- Ons sit daar voor die klaskamers.

Hoekom voor die klaskamers? -- Dit is omdat ons nie die klaskamers bygewoon het nie.

Maar hoekom het julle nie gesit waar julle altyd gesit het die hele tyd met die boikot nog nie? -- Soos ek alreeds gesê het daar was 'n dreigement gewees deur die hoof van die skool. As gevolg daarvan het ons toe hier kom sit.

Julle kom toe nader aan die klasse waar hulle julle wil dwing om in te gaan? -- Dit is so.

Nou wag julle. Wat is die volgende ding wat gebeur? -- Ons het net daar gesit en wag.

Wat is die volgende ding wat gebeur? -- Die skolier wat gestuur was na die voorsitter van die skoolkomitee het toe teruggekom en 'n verslag gaan doen by die kantoor van die hoof van die skool dat die persoon, naamlik die voorsitter, tuis is, maar hy sê hy kan nie kom nie.

Hoe het die skolier in die skool gekom wat julle gestuur het want die hek was toegesluit? -- Die hek was vir hom oopgesluit sodat hy kon inkom.

En is die hek toe weer toegesluit? -- Dit is so.

Die skolier het toe hierdie rapport kom maak aan die skoolhoof en wat gebeur toe? -- Net na hy daardie verslag aan die skoolhoof gedoen het, mnr. Black, in die geselskap van die polisie het toe daar opgedaag.

Hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hulle kom nou by die toe hek van die skool en wat gebeur toe? -- Hulle het probeer om die hek oop te maak totdat hulle daarin geslaag het om dit oop te maak.

Ek dink u laat nou 'n stukkie uit. Het hulle nie geskreeu en geroep en gevra dat iemand die hek moet kom oopmaak nie en julle studente wil dit toe nie doen nie en toe breek hulle die hek oop nie? -- Dit is so, ja.

Wat maak die skoliere op die tydstip toe die polisie daar kom en die hek is toe? -- Hulle sit daar.

Het hulle nie geskreeu en opgewonde geraak en benoud geraak toe die polisie daar kom nie? -- Dit is nie so nie. Hulle het nie geskreeu nie en ook nie opgewonde geraak nie. Wat wel sigbaar was is dat die skoliere bang voorgekom het.

Daar breek die polisie toe nou die hek oop en wat gebeur toe? -- Mnr. Blackie is toe na die skoolhoof se kantoor toe.

En die afvaardiging, waar is hulle toe? -- Hulle was nog steeds in die kantoor gewees.

En waar is die polisie toe? -- Die polisie neem posisie in daar naby die hek.

Binne of buite die perseel? -- Binne die perseel.

HOF : Hoeveel polisie was daar? -- Ek sal nie kan sê hoeveel hulle was in getal nie, maar hulle het met twee polisie-patrolliewaens daar gekom.

MNR. FICK : Daar kom die polisie en daar sit die bevreesde studente nou volgens u. Wat gebeur toe? -- Die skoliere, die afgevaardigdes wat by die kantoor van die skoolhoof was toe hulle mnr. Blackie daar gesien het, het hulle die kantoor verlaat en teruggekeer na die ander studente toe. Nie lank nie, om en by dieselfde tyd het mnr. Blackie en mnr. Mankayi, die skoolhoof die studente genader daar buite waar die

studente/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

studente was. Met die twee se aankoms by die skoliere maak mnr. Blackie die volgende aankondiging. Dat hy die skool sluit tot die volgende week wanneer daar briewe ontvang sal word deur die skoliere dat die skoliere genooi word om terug te keer na die skool toe.

En toe? -- Op dié stadium het van die polisie naby gekom. Daar was wel van hulle wat agter gebly het in die nabyheid van die hek.

Die polisie kom nou nader en toe? -- Die aankondiging van mnr. Blackie was getolk gewees deur mnr. Mankayi aan die studente. Dit was in daardie tyd na die vertolking dat die studente of die skoliere gevra het om kans gegee te word dat hulle die besittings van hulle eie moet gaan kry in die klaskamers. Dit was net na daardie versoek gerig was sonder dat ek vir die hof kan sê of daar enige toestemming gegee was vir die versoek of nie, het ek gehoor dat mnr. Blackie die volgende sê "Vat hulle."

Daar het niks tussenin gebeur nie? -- Tussenin wat? Na mnr. Blackie dit gesê het of wanneer?

Toe die skoliere nou vra hulle vra toestemming om hulle tasse te gaan kry, is dit getolk aan mnr. Blackie? -- Soos ek alreeds gesê het ek weet nie.

Maar hoekom nie? -- Dit is omdat ek nie heel voor was waar ek alles kon gehoor het wat gesê word nie.

Al wat u gehoor het is dat mnr. Blackie sê "Vat hulle"? -- Dit is so.

Ek stel aan u u vertel 'n blatante leuen hierso? -- Ek is seker daarvan dat ek die waarheid vertel.

Want u sien daar is gestel deur die verdediging aan die staatsgetuie dat wat daar gebeur het is dat mnr. Blackie

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het daar gekom, hy het vir die skoliere "Ek gee julle vyf minute dan moet julle weg wees van die perseel af". Daar is niks gepraat van "Vat hulle" nie. Daar is in der waarheid gesê hy gee hulle vyf minute dan moet hulle van die perseel af wees.

MR TIP : That is not entirely complete and I refer my learned friend and the court to page 5 679 concerning the conduct of the circuit inspector.

COURT : Volume?

MR TIP : Volume 114. Also at the foot of page 5 678, the last two lines.

MNR. FICK : My stelling kom van bladsy 5 678 af net daar teenoor die tweede laaste paragraaf "Mnr. Tip: Terwyl die skoliere gewag het om die verslag van die afvaardiging, het die kringinspekteur hulle beveel om die terrein te verlaat binne vyf minute."

HOF : Die vraag word toegelaat. -- Dit is nie so nie.

MNR. FICK : En hier is verder gestel dat hierdie voorval het plaasgevind terwyl die afvaardiging van die skoliere besig was met die prinsipaal, maar u sê hulle was nie besig nie, hulle het buite gestaan en wag vir die voorsitter? -- Dit is net soos ek alreeds getuig het dat met mnr. Blackie se aankoms daar, was die skoolhoof in sy kantoor gewees, hy was nie hier waar die skoliere was nie.

En daar is verder ook gestel dat hierdie groep skoliere het gewag op die verslag van die afvaardiging toe die kringinspekteur daar opdaag, maar u getuienis is ŉ bietjie anders. U sê die afvaardiging het daar by julle kom staan toe die voorval plaasgevind het? -- Nee, dit is nie so nie. Toe hy ons daar weggejaag het of toe die voorval plaasgevind het

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was na hulle alreeds by ons aangesluit het.

Wanneer het u u verklaring aan die verdediging gemaak? -- Dit is 'n kwessie van weke. Dit kan miskien vier weke wees. Ek is nie seker nie.

Kom ek vra dan so, wanneer is u vir die eerste keer genader deur die verdediging om te hoor wat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As u sê vier weke, is dit vier weke gelede? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Wanneer is u die eerste keer genader deur die verdediging om te hoor wat weet u van die saak? -- Dit was aan die begin van hierdie jaar.

Was dit nie al lank terug hier in 1986 nie? -- Dit is nie so nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

CHARMAINE NOBANTU SAM, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Juffrou, ek wil aan u stel wat werklik gebeur het op 24 April by hierdie skool en nie soos u beweer dit gebeur het nie. Is dit so dat op 24 April 1984 het die meerderheid skoliere weer besluit om aan te gaan met die klasseboikot, maar daar was 'n paar St.8, St. 10 en St. 7 leerlinge wat gesê het hulle wil skoolgaan? -- Dit is nie so nie.

Was daar geen leerlinge op hierdie dag wat besluit het hulle wil wel skoolgaan nie? -- Die leerlinge wat in die klaskamers die dag was is daardie leerlinge wat glad nie deel gehad het aan die boikot van klasse nie.

Laat ek so vra. Die leerlinge wat in die klas was, wat St. 10, St. 7 en St. 8 leerlinge onder andere? -- Ek sal nie seker kan wees watter standerds hulle in was nie.

Nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nou wil ek dit aan u stel, hierdie leerling wat wou klas gaan, het uiteindelik nou nie lesse gekry die dag van 24 April nie? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Ek sal vir jou sê hoekom het hulle nie lesse gekry nie, want die ander boikotters waarvan jy een was, het die onderwysers verhoed om in die klasse in te gaan en te gaan les gee? -- Dit is nie so nie.

En julle wat geboikot het op hierdie dag het gesing daarso buite die klaskamers. Is dit reg? -- Dit het nie gebeur nie.

Het julle op hierdie dag glad nie gesing nie? -- Ons het nie.

Is daar enige spesifieke rede? -- Die rede daarvoor is dat ons baie male bymekaar gekom het omdat daar heen en weer gegaan was na die skoolhoof toe. Elke keer as daar 'n verslag is wat gedoen moet word het ons bymekaar gekom. So, daar was net nie tyd gewees vir ons om te sing nie.

Ek wil aan u stel julle het gesing? -- Daar bestaan nie so iets nie.

Julle het ook op hierdie dag geskreeu van "Viva UDF" en "Viva GRYCO"? -- Daar bestaan nie so iets nie.

En verder wil ek aan u stel die leerlinge wat toe wou klas toe gaan en wat nie kon klas kry nie omdat julle die onderwysers gekeer het, het toe besluit om huis toe te gaan? -- Dit is nie so nie.

En die blanke onderwyseresse wat daar was het besluit hulle gaan ook huis toe? -- Dit is nie so nie.

HOF : Waar was die onderwyseresse dan? -- Ek het nie kennis nie.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel dit is die rede hoekom julle

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die hekke gaan sluit het om hierdie onderwyseresse en die ander leerlinge wat nie wou deelneem aan die boikot nie te dwing om op die perseel te bly? -- Daar is nie so iets nie.

Het julle by julle skool op hierdie stadium ŉ mnr. Bruyns gehad? -- Dit is so.

Was hy ŉ onderwyser? -- Dit is so.

Ek wil dit aan u stel dat mnr. Mankayi en mnr. Bruyns het toe probeer om die hekke te gaan oopmaak sodat die onderwyseresse kan huis toe gaan en toe hulle dit doen, toe gooi julle klomp boikotters hulle met klippe en toe moet hulle weghardloop vir die klippe in die kantore in? -- Dit is nie so nie.

Ek wil aan u stel op daardie stadium het daar ŉ klomp leerlinge in die kantoor ingestorm waar die skoolhoof, mnr. Mankayi was en geëis hulle wil met hom praat? -- Dit is nie so nie.

Op ŉ stadium daarna het die polisie opgedaag? -- Dit is nie so nie.

En Blackie was toe ook op daardie stadium op die skoolperseel? -- Daar bestaan nie so iets nie.

Ek wil dit aan u stel dat toe die polisie daar kom was julle besig om te dans en te skreeu daar op die skoolperseel en die polisie vra toe iemand moet die hek oopmaak, maar julle weier toe? -- Daar is nie so iets nie.

Julle is gewaarsku en gesê deur die offisier julle is besig met ŉ onwettige byeenkoms daar op die perseel, julle moet uiteen gaan en toe skreeu julle vir die polisie hulle moet loop? -- Daar is nie so iets nie.

ŉ Deel van die skoliere wou begin loop, maar toe het een van julle op ŉ stoel geklim en vir hulle gesê hulle moet

terugkom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

terugkom en toe bly die hele klomp op die perseel? -- Daar is nie so iets nie.

Julle is toe met karwatse uiteen gejaag omdat julle geweier het om uiteen te gaan? -- Daar is nie so iets nie.

Het u vir Spiri Pase gesien die dag van 24 April 1984 by die skool? -- Ek het hom nie gesien nie.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie Spiri Pase was ook daar by die skool en hy het na die polisie julle klomp uitmekaar gejaag het, julle klomp boikotters, hy is die man wat die kar van mnr. Blackie aan die brand gesteek het saam met ander skoliere? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Weet u dat hy aangekla is na die tyd vir die brand van hierdie kar? -- Dit is so, ja.

En dit is ook so hy is op 2 Augustus 1984 in die streekhof in Grahamstad skuldig bevind aan die uitbrand van hierdie kar. -- Dit is so.

En hy is skuldig bevind aan openbare geweld en hy het drie jaar tronkstraf gekry waarvan 'n jaar onvoowaardelik opgeskort was? -- Dit is so, ja.

Op watter stadium het u gesien dat die kar van mnr. Blackie gebrand is? -- Dit was in die loop van die dag gewees, die namiddag, toe die garagemense dit weggesleep het.

Kom ek vra u anders om. Hoe lank het u daar geskuil in die administratiewe blok voordat u uitgekom het en huis
K1313 toe gegaan het die dag van 24 April? -- Ek is nie seker van die tydperk wat ek daar vertoef het nie, maar dit is na die polisie weg is wat ek die perseel verlaat het.

Alles was al stil? -- Dit is so.

U is toe by die hek uit huis toe? -- Dit is so, ja.

Maar het u nie toe gesien mnr. Blackie se kar is

uitgebrand/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uitgebrand nie? -- Nie op daardie stadium wat ek die perseel verlaat het nie. Die voertuig was ook nie gebrand gewees nie.

HOF : Was die voertuig daar? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Toe u weg is by die skool, was die onderwysers en die skoolhoof nog op die perseel? -- Dit is so, ja.

U het dan getuig verder dat u het kennis gekry dat u op 30 April 1984 weer moes gaan herregistreer by die skool? -- Dit is so, ja.

En sover u kennis strek het al die skoliere by Ngqweba skool kennis gekry? -- Dit is so, ja.

En toe u nou herregistreer, is daar niks vir u gesê nou maar wat die skoleboikot en die goed wat aan die gang is, wat is u houding daaroor nie? -- Niks was gesê nie.

HOF: Moes daar nie ondernemings gegee word by herregistrasie nie? -- Nee, dit was nie gedoen nie.

MNR. FICK : Is daar nie 'n woord by die skool vir julle gesê wat gaan gebeur as julle weer begin boikot en die tipe van ding nie? -- Aan my persoonlik nie.

U sê die mense wat kinders kom herregistreer het, was op die perseel gewees en die klomp kinders het daar gewag om te registreer? -- Dit is so.

Daar was dit stil en rustig en almal het hulle goed gedra? -- Dit is so.

Toe kom die polisievoertuie daar om die hoek? -- Dit is so, ja.

Het hulle patrollie gery daar of het dit gelyk hulle kom reguit na julle skool toe? -- Die pad wat hulle gery het was op pad na die skool toe.

Maar die pad gaan verby die skool ook. Is dit reg? --

Nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nie op daardie tydstip nie. Die pad het gekom tot by die skool en nie by die skool verbygegaan nie.

Die skoliere, het julle in ŉ tou gestaan daar op die perseel om te wag vir herregistrasie? -- Dit is nie so nie.

Nou staan julle daar rustig en stil en hier kom die polisievoertuig aan. Wat gebeur toe? -- Die skoliere daar teenwoordig het miskien gedink dit gaan weer gebeur soos dit gebeur het die vorige dag. Om daardie rede het hulle begin vlug.

Waarheen? -- In verskillende rigtings. Van hulle het na die klaskamers toe gevlug. Daar is van hulle wat uit die hek, dit wil sê uit die perseel uit gevlug het.

En die polisie, wat maak hulle toe? -- Die polisie het dié wat gevlug het gejaag, hulle geslaan en die honde op hulle gesit.

Daar waar julle moes herregistreer, moes julle by ŉ onderwyser of onderwysers of by die skoolhoof of skoolkomitee herregistreer daar op die perseel? -- By die klasonderwyser.

HOF : Moes u by die klasonderwyser herregistreer in sy klas? -- Die klasonderwyser was in die personeelkamer gewees. Wie ook al daar was om te registreer het toe na hom toe gegaan daar in die personeelkamer.

Maar elke klas het tog ŉ klasonderwyser. Was al die onderwysers dan saam in die personeelkamer? -- Dit is so, ja.

MNR. FICK : Die kinders wat daar herregistreer het was daar voor die personeelkamer. Het hulle daar gestaan en wag? -- Dit is so, ja.

Wat maak die onderwysers toe hulle nou sien hier spring die polisie uit en hulle jaag nou die kinders en die kinders begin te hardloop? -- Ek weet nie, want ek het ook

weggehardloop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weggehardloop.

Maar het jy nie gesien van die onderwysers storm daar uit en vra vir die polisie wat makeer hulle nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het nie sulke kennis nie.

Nou wil ek aan u stel u weergawe van wat daar gebeur het is vals. Die polisie sal nooit na mense wat gaan herregistreer waar die hele skool se kinders kennis kry hulle kan herregistreer en staan vreedsaam en rustig op die skoolperseel instorm en begin slaan op hulle nie? -- Ek praat die waarheid oor dit wat ek nou hier vertel.

Nog steeds die skoleboikot aspek. U het vir die hof gesê aan die einde van daardie termyn voor Juniemaand, die Junievakansies, het nie al die skoliere weer skool gegaan nie. Dié wat nie herregistreer het nie, was nog steeds nie daar nie? -- Dit is so.

HOF : Maar het hulle dan nie probeer om die volgende dag of die dag daarna een-een op te daag om te kom herregistreer nie? -- Hulle het probeer om dit te doen.

MNR. FICK : En wat was die houding van die onderwysers en die skoolowerheid? -- Die houding was dat die dag van die registrasie was verby.

HOF : En dat hulle nie meer kon registreer nie? -- Dit is so, ja.

Watter persentasie van die skool is nou op hierdie wyse geaffekteer dat hulle nie geregistreer het nie? -- Dit is 'n hele paar kinders wat gevlug het sonder om te registreer.

Nee, maar u het nou klas geloop. U weet tog nou 'n kwart van die klas is nie daar nie of net drie uit die klas is nie daar nie of die helfte van die klas is nie daar nie, Ek wil net 'n indruk kry daarvan? -- Ek skat ongeveer 'n kwart

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van ŉ klas was nie herregistreer nie.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel dat die skoolowerheid daardie houding sou inneem as ŉ kwart van die skoliere nie gaan registreer om redes wat niks met hulle uit te waai het nie, is vals? -- Ek is seker daarvan dat dit die waarheid is.

Na hierdie tydperk, wanneer het die skoliere weer begin klasse boikot in 1984? -- Daar was nie ander klasboikotte gewees deur die skoliere nie,behalwe dat in Augustusmaand het die skoliere besluit dat hulle nie die eksamens gaan skryf nie. Hulle het in totaal nie skool toe gegaan nie.

Waar het die skoliere hierdie besluit geneem? -- By die skool.

Wie het hierdie vergadering belê met die skoliere? -- Ek weet nie deur wie dit belê was nie.

Hoe het jy geweet daar is ŉ vergadering? -- Ek het gehoor van een van die skoliere daarvan.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering? -- Dit is ŉ persoon wat in die tyd van die privaat sisteem opgetree het as een van hulle.

Wie was dit? -- Thozamile Harmans.

Waarom is hierdie besluit geneem? -- Soos ek alreeds gesê het op die skool se perseel.

Nee, waarom het julle hierdie besluit geneem? -- Dit was omdat van die skoliere nie kans gegun was om eksamens te skryf nie. Die rede daarvoor was omdat hulle nie die kans gegun was om weer te herregistreer nie.

Daar is ander hoërskole ook in die ander woongebiede. Ken u die Spandau Hoërskool? -- Ja, dit is so.

HOF : In watter gebied is hy? -- In die kleurlinggebied.

MNR. FICK : Is daar ook ŉ hoërskool Asherville? -- Ja, dit

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is so.

Dit is in die woongebied Asherville? -- Ja, dit is so.

Dit is ook 'n kleurlingwoongebied? -- Dit is so.

Julle woongebied Masizakhe staan ook bekend algemeen as lokasie? -- Dit is so.

U sien, hoekom ek vir u vra hoekom u boikot, BEWYSSTUK ABA6 wat ons gister ook al gehad het, dit is hierdie GRAFCOM Nuus paragraaf 4 opskrif "Boikot deur studente/leerlinge landswyd." Daar lees ons "Oproep deur AZASO en COSAS, nie die UDF aan studente om te boikot: Om misnoeë teen die nuwe bedeling in apartheid te wys op Spandau, Asherville en Lokasie. Leerlinge is besig om verantwoordelik en gedissiplineerd te boikot" en hierdie ding is uitgegee in Augustusmaand. -- In daardie tyd het ons alreeds die besluit geneem. Nou ja, ek sal nie daarvan weet nie.

HOF : U het nie ook geweet daar is 'n boikot by die ander twee hoërskole nie? -- Ek het daarvan gehoor.

MNR. FICK : Toevallig dieselfde tyd as julle s'n? -- Ja, dit is so.

En u is nou sekretaresse van COSAS en het u geweet van COSAS se oproep? -- Daar was nie so 'n oproep gewees nie.

U sien, daar is nog 'n ander bewysstuk wat dieselfde ding sê?

HOF : Wie is die GRAFCOM sekretaris? -- Ek het nie 'n idee nie.

MNR. FICK : Ek wil u in dieselfde verband verwys na BEWYSSTUK W63 in volume 11 bladsy 6.

HOF : Wat is die dokument?

MNR. FICK : Dit is 'n SASPU National van Oktober 1984. Ek is jammer September 1984 bladsy 6 die eerste kolom onder

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die opskrif "Students stay away to keep constitution out." Die tweede paragraaf van die eerste kolom sal ek net op rekord plaas "Almost one million students from South Africa's schools, universities, technikons and training colleges boycotted the classes countrywide following a joint call by the Congress of South African Students (COSAS) and the Azanian Students Organisation (AZASO) for a fortnight of protest against the elections." Dan in die volgende kolom in dieselfde artikel die vierde paragraaf. Die paragraaf begin met "In Port Elizabeth." Ek sal die eerste sin uitlaat en dan die tweede sin "They were joined by about five thousand students from eight coloured and indian high schools. Schools in Grahamstown, Graaff-Reinet, Fort Beaufort, Humansdorp, Queenstown and Kirkwood and the Cape Teachers Training College also joined the boycotts."

HOF : Wat sê u van die berigte? -- Soos ek alreeds in my getuienis gesê het in die jaar 1984 het ons geen samewerking gehad met ander plekke nie. So, ek sal nie as gevolg van hierdie berig hier vir die hof kan sê dat ek hiervan iets weet nie.

MNR. FICK : Ek stel aan u u getuienis dat u niks geweet en geen kontak gehad het met COSAS se streek of nasionaal in 1984 nie, is vals in die lig van die bewysstukke wat aantoon daar was ꞌn oproep gewees van COSAS om te boikot en julle het dit uitgevoer? -- Soos ek alreeds gesê het ek hou vol met my getuienis.

HOF : Ek wil u iets vra in die verband. Wat vir my onduidelik is, u weet van April dat die mense nie herregistreer is nie. Waarom wag u tot Augustus voordat u aksie neem in simpatie met hulle? -- Omrede hierdie kinders herhaalde kere by die

skool/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

skool aangedoen het waar hulle gepoog het om herregistreer te word, het ons nog die hoop gehad, selfs hulle ook, dat hulle op ŉ ander stadium hertoegelaat sal word om te registreer.

MNR. FICK : Weet u om watter rede het die skoliere by Spandau en Asherville Hoërskole dieselfde tyd gaan boikot? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Verstaan ek u getuienis korrek dat u het van Graaff-Reinet se kant hoegenaamd geen kontak gehad met COSAS se streekskantoor of nasionaal in 1984 nie? -- Dit is so, ja.

En in 1985? -- Daar was gewees, ja.

Wanneer in 1985? Begin, middel, einde? -- In die begin.

Vir watter doel? -- Dit was met die doel om die doelstellings van hierdie liggaam te verduidelik, want daar was geen so ŉ verduideliking gewees vantevore nie.

Was dit die enigste rede waarom u gegaan het en is dit die enigste inligting wat u gekry het om die doelstelings van COSAS te verduidelik? -- Asook die beroep wat gedoen was op die skoliere dat hulle moet terugkeer skool toe.

HOF : Hoe lank het die boikot toe geduur? Dit het nou in Augustus begin? Wanneer het dit opgehou? -- Dit het geduur tot en met die sluiting van die skole in Desembermaand.

Van dieselfde jaaf? -- Ja.

Het julle in 1985 weer skool toe gegaan? -- Dit is so, ja.

MNR. FICK : Het jy vir jou advokaat gesê dat die studente het die hele tyd van Aprilmaand tot Augustusmaand probeer herregistreer en hulle is aanmekaar geweier? -- Dit is so.

Toe julle by COSAS was in 1985 het julle met hulle gepraat oor die griewe wat julle gehad het by julle skool? -- Nie in daardie tyd nie. Ons het nie aan hulle gesê wat ons griewe was nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle nooit in 1985 gesê wat julle griewe was nie? -- Dit is so.

Wanneer? -- Dit was gedurende Maartmaand. Ek kan nie met sekerheid sê wat die datum was nie, maar dit was in Maartmaand.

HOF : En die jaar? -- 1985.

MNR. FICK : Wat het julle oorgedra wat was julle griewe? -- Van die griewe wat aan hulle genoem is, was die skaarsheid van onderwysers en boeke.

Wanneer het hierdie griewe ontstaan? -- Met die begin van die skole, toe die skole daar opgemaak het.

In 1985? -- Dit het alreeds bestaan in 1984, maar dit was eers bespreek in 1985.

U het gister die hof gesê toe u gevra is oor griewe julle het nie griewe gehad nie. Kan u onthou? -- Ja, ek onthou dit, maar dit is omdat dit nog nie eers bespreek was dat almal kan sê dat dit wel griewe was nie.

Jy sien, waarom ek vir jou hierdie goed vra, daar is BEWYSSTUK AB29 in volume 2 die derde bladsy van voor af. Ek het nie nommers op nie.

HOF : Ons het hulle genommer. Die een met die kruis op is bladsy 1, die een "What has happened so far" op bladsy 2 en die een met die prentjie van COSAS op is bladsy 3.

MNR. FICK : In daardie geval wil ek na bladsy 4 verwys.

HOF : En bladsy 4 is "Cause of national congress report."

MNR. FICK : Bladsy 4 onder die opskrif "Apartheid education is rotten." Hierdie is 'n COSAS publikasie met die naam "United Action for democratic education." Die heel eerste paragraaf onder die subhofie 1984 "It all happened again. From Pretoria to Port Elizabeth, Paarl, Uitenhage, Humansdorp, Alexander, Bloemfontein, Graaff-Reinet, Cradock, students

once/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

once again demonstrated their rejection of the apartheid inferior education. They demanded abolision of corporal punishment, end of age restriction, more textbooks and recognition of SRC's and in Port Elizabeth, Bloemfontein and Alexander the students won their demands and in Pretoria, Cradock and Graaff-Reinet the authorities refused to listen to the demands of the students." Het julle in Graaff-Reinet in 1984 hierdie griewe gehad by die skool, die afskaffing van lyfstraf, afskaffing van die ouderdomsbeperking, meer handboeke en die erkenning van SRC's? -- Soos ek alreeds vir die hof hier gesê het die skoliere het nog nie bymekaar gekom om dit te bespreek in 1984 nie. Dit kan wees dat sekere studente miskien daar waar hy of sy is daarvan gepraat het met iemand, maar nie dat dit bespreek was onder die skoliere nie.

Maar u is tog die sekretaresse van COSAS plaaslik. U het dit nie gaan rapporteer aan COSAS nie? -- Soos ek alreeds gesê het in die jaar 1984 was daar nog geen verbinding gewees tussen ons en COSAS nie.

So, hierdie is ŉ leuenagtige weergawe wat Graaff-Reinet aanbetref?

HOF : Graaff-Reinet het darem meer as een hoërskool.

MNR. FICK : Sover dit u skool betref? -- Ja, dit is so.

En die COSAS tak wat julle gestig het, is dit die enigste COSAS tak wat gestig was in Graaff-Reinet in 1984? -- Ja, dit is so.

HOF : Is dit die enigste een wat bestaan het in 1984? -- Ek weet nie van ŉ ander tak nie.

Was daar dan nie takke by die kleurlingbuurte se skole nie? -- Ons het almal bymekaar gekom.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was u tak 'n algemene tak vir die hele Graaff-Reinet se hoërskole? -- Dit is so, ja.

En u was die sekretaresse daarvan? -- Dit is so.

So, u het dan lede gehad op die kleurlinghoërskole ook? -- Dit is so, ja.

Het u bestuurslede ook gehad vanaf daardie hoërskole afkomstig? -- Dit is nie so nie.

MNR. FICK : Is dit dan reg, u sal in elk geval moes geweet het van enige rapporte wat gemaak is van COSAS nasionaal of die streekskantoor in 1984 met betrekking tot wat in die skole aangaan in Graaff-Reinet? -- Ek sal nie kan sê nie want ek was net 'n sekretaresse gewees ten opsigte van die notule wat gehou word in 'n vergadering.

Dan wil ek teruggaan na die MSC toe, die foto's, AAY26.

HOF : Gaan u die persone probeer identifiseer? Indien u dit gaan doen wil ek nommers op hulle sit.

MNR. FICK : Ek sal dit graag wil doen.

HOF : Gaan u al die foto's gebruik of net 'n paar van hulle?

MNR. FICK : My probleem is ek weet nie wat gaan sy uitken nie. As 'n mens miskien net weet op watter sy die meeste kan uitken.

HOF : Ek sal maar nommers op AAY26 plaas om mee te begin.

MNR. FICK : Kan ons net die kleurfoto's vir die getuie gee, want sy sê hierdie fotostate is te swak.

HOF : U het nou die kleurfoto's voor u. Wat wil u weet, mnr. Fick?

MNR. FICK : Net eerstens of sy haarself identifiseer op enigeen van hierdie drie foto's.

HOF : Kom ons begin by AAY26. -- Nee, ek is nie op daardie foto nie.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is u op enige van die ander twee? -- Nee, ek is nie.

MNR. FICK : As u kyk na AAY27 en 28 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : AAY27 is nie genommer nie. Kies nou 26 of 28.

MNR. FICK : Ek wil net vra oor die inhoud van die foto. Ek wil nie iemand identifiseer nie.

HOF : Ja, goed.

MNR. FICK : As u net kyk na BEWYSSTUK AAY27 en 28, kan u vir die hof sê waar is hierdie foto's geneem? -- Ja, ek kan.

Waar? -- Jabulani Hall.

Waar is die saal? Is dit 'n gemeenskapsaal of wat se saal is dit? -- Dit is die gemeenskapsaal.

HOF : Van? Graaff-Reinet? -- In die swartwoonbuurt te Graaff-Reinet.

MNR. FICK : In die algemeen eers, is hierdie almal leerlinge, skoliere op die foto's? -- Nie almal van hulle nie.

Die meerderheid? -- Nee, dit is nie so nie.

Kom ons kyk na BEWYSSTUK AAY26, is daar op hierdie foto skoliere wat in 1984 saam met jou op skool was? -- Nie almal nie.

HOF : Kom ons sny dit kort. Gee vir ons die name saam met die nommers en dan sê u sommer of dit skoliere is. U kyk na AAY26. -- Nommer een op foto AAY26 is Ntsikelelo Phansi.

Is hy 'n skolier? -- Ja, hy is 'n skolier.

Nommer twee? -- Sipho Koeburg.

MNR. FICK : Ek het dit as Koeberg.

HOF : Dit maak nie saak nie. Sy sê dit is Koeburg. -- Dit is 'n skolier.

Ja? -- Nommer sewe is ook 'n skolier.

Nee, kom ons vat nou eers nommer drie. Ons loop van nommer een tot by agt. Wie is nommer drie? -- Nommer drie

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is nie 'n skolier nie.

Maar wie is dit? -- Ek ken haar nie.

Is Koeburg nommer twee? -- Nee.

Ag nee man, kom ons begin by nommer een en dan loop ons deur tot by nommer agt. Ek het gesê nommer een is Ntsikelelo Phansi. Hy is 'n skolier.

Wie is nommer twee? -- Nommer twee is nie 'n skolier nie, en hy is net net aan my bekend by die naam van Hasie.

Nommer drie? -- Ek het alreeds gesê nommer drie is aan my onbekend.

Nommer vier? -- Nommer vier is nie 'n skolier nie, maar die persoon is aan my bekend as Mickey.

Nommer vyf? -- Hy is 'n skolier. Dit is Sipho Koeburg.

Nommer ses? -- Dit is nie 'n skolier nie. Sy naam is Monkie.

HOF : Dit is nie dalk 'n klein apie nie? -- Nee, ek sal nie weet nie.

Maar as dit bedoel word, spel 'n mens dit 'n bietjie anders. Goed, nou nommer sewe? -- Ek het alreeds gesê dit is ook 'n skolier.

En die naam? -- Masi.

Ja? -- Nommer agt is ook 'n skolier. Nomtu.

Die antwoord op u vraag is, daar is vier uit die agt skoliere.

MNR. FICK : Ek sal in die lig van die ander antwoorde wat sy gegee het nie vra vir identiteit nie. Ek is nie seker nie, is Spiri Pase uitgeken op die foto?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nee, nog nie. Nie deur hierdie getuie nie.

MNR. FICK : Is Spiri Pase op enige van heirdie foto's? --

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, hy is hierso.

Kyk asseblief na AAY28? -- Ja, nommer ses op AAY28.

HOF : Dit is daardie lang man met die mooi hoed? -- Ja.

Hy staan in die middel op AAY27? -- Ja.

MNR. FICK : Weet u by watter geleentheid is hierdie foto's geneem behalwe om vir my te sê behalwe om vir my te sê dit is die MSC, maar was daar 'n spesiale geleentheid toe dit geneem is? -- Ek het nie 'n idee nie.

Is dit so dat wanneer die een organisasie soos COSAS of GRYCO 'n vergadering gehou het in Graaff-Reinet dan het die ander organisasie se mense ook maar gekom na hierdie openbare vergadering toe en dit bygewoon? -- Dit is so.

Ek wil net aan u stel soos u nie weet van al die openbare vergaderings wat die raadslede in 1984 gehou het en of hulle dit gehou het nie, so weet u nie van al die openbare vergaderings wat GRAFCOM gehou het in 1984 nie. Is dit reg? -- Dit is so.

'n Ander aspek, 16 Junie 1984, is dit 'n datum wat gereeld in Graaff-Reinet gevier word jaarliks? -- Dit is so, ja.

En hy was ook in 1984 gevier. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het u die vierings gaan bywoon? -- Nee.

Weet u wie in 1984 hierdie Sowetodagvierings aangebied het in Graaff-Reinet swartwoonbuurt? -- Ek het nie 'n idee nie.

Dan wil ek met u gaan na 'n ander vergadering toe. U het gepraat van 'n vergadering wat gehou is, 'n openbare vergadering op 4 Augustus 1984.

MR TIP : If my recollection was correct it was 8 August 1984.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Ek het dit spesifiek die 4de neergeskryf.

HOF : Dit is natuurlik nie 'n absolute waarborg van betroubaarheid nie.

MNR. FICK : Dit word onmiddellik toegegee.

HOF : Ek het 8 Augustus 1984 neergeskryf. Dit is natuurlik ook nie 'n absolute waarborg van betroubaarheid nie.

MNR. FICK : Die probleem is ek sit met dokumente waarop altwee datums verskyn.

HOF : Dit is 8 Augustus.

MNR. FICK : Weet u van enige vergadering wat op 4 Augustus in die Graaff-Reinet woonbuurt gehou is in 1984? -- Dit is nie so nie.

Die vergadering wat u van praat op 8 Augustus 1984, was daar enige gassprekers? -- Dit is so.

Wie was dit? -- Boesak en Borraine.

Dit is nou Andrew Borraine? -- Ek is nie seker van sy eerste naam nie.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK W47 volume 8. Dit is 'n UDF Nuus van Augustus 1984 in Afrikaans gedruk. Dit was die vierde bladsy van voor af, met die opskrif "Platteland sê apartheid verkiesings nee." Die heel eerste twee kolomme sal u sien word daar gesê "Ons gaan nie op mense in die stede wat om ons vryheid te gee nie. Ons sal self daarvoor werk. Dit is die boodskap van die UDF saamtrek op Graaff-Reinet op Sondag, 4 Augustus. Daar was oor drieduisend juigende UDF ondersteuners by die saamtrek." U sê daar was nie so 'n vergadering op 4 Augustus nie? -- Dit is so.

Dan wil ek met u gaan na die vergadering van 8 Augustus 1984.

HOF : Kan dit wees, u praat van 8 Augustus se vergadering

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en hulle praat hier van 4 Augustus se vergadering en dat dit ŉ kwessie van ŉ datum probleem is? -- Die vraag aan my gestel was oor ŉ vergadering wat gehou was te Graaff-Reinet, maar volgens dokument wat voor my gelê is, was hierdie vergadering wat hier na verwys word gehou te Oudtshoorn.

Wat, laat ons nou net nie deurmekaar raak nie. Die eerste deel van die berig handel met ŉ vergadering van die UDF op Graaff-Reinet, Sondag 4 Augustus. Die tweede deel van die berig handel met ŉ vergadering ŉ week vantevore op Oudtshoorn. Nou vra ek vir u, is dit nie moontlik dat hier ŉ kwessie is van ôf die berig is verkeerd met die datum 4 Augustus of u is verkeerd met u datum 8 Augustus nie? -- Ek is seker van die datum wat ek vir die hof gegee het.

Was daar in daardie tyd ŉ UDF saamtrek in daardie eerste deel van Augustus in Graaff-Reinet? -- Ek het nie ŉ idee of dit ŉ saamtrek was van UDF nie.

Was daar meer as drieduisend mense op die vergadering waarvan u praat op 8 Augustus? -- Ja, dit is so.

<u>MNR. FICK</u> : En die vergadering wat gehou is wat u van praat van 8 Augustus het die mense van ander plekke gekom soos Cradock, Aberdeen, Middelburg? -- Dit is so, ja.

<u>HOF</u> : Was u vergadering op ŉ Sondag? -- Nee, dit is nie so nie.

Mnr. Fick, praat ons van 1984 of 1985 met hierdie berig? Dit is die UDF Nuus van Augustus 1984?

<u>MNR. FICK</u> : Ja, dit is korrek.

<u>HOF</u> : Op watter dag is u vergadering gehou? -- Op ŉ Donderdag is dit gehou.

<u>MNR. FICK</u> : Is u seker 8 Augustus was ŉ Donderdag en nie ŉ Woensdag nie?-- Ja, ek is seker.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil vir die hof se gerief net voor die verdaging verwys na BEWYSSTUK ABA4. Daar word die mense uitgenooi na die vergadering op 8 Augustus, Woensdag. Daar word gesê Allan Boesak en Andrew Borraine is die sprekers. -- Ek is daarvan seker dat dit ŉ Donderdag was en nie ŉ Woensdag nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1314 CHARMAINE NOBANTU SAM, nog onder eed

MR TIP : We have make some enquiries concerning Mr Ramakgula, accused no. 9. It is apparently not possible for him to make a specialist appointment without first being assessed. He has to present himself personally for that. Would your lordship give him leave to do that?

COURT : Leave is granted.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons is by die vergadering van 8 Augustus 1984. Hierdie vergadering, wie het hom gereël? -- Ek het nie ŉ idee daarvan nie.

HOF : Bedoel u nou met die antwoord watter persoon of bedoel u watter organisasie? -- Daarby bedoel ek ek weet van niemand wat daar betrokke was nie.

MNR. FICK : Is dit nie so nie dat hierdie ŉ vergadering is wat gereël was deur GRAFCOM, maar dat GRYCO waarvan u ŉ lid was hulle behulpsaam was met die reëlings nie? -- Soos ek alreeds in my antwoord gesê het, ek het nie ŉ idee daarvan nie.

Was u die hele duur van die vergadering, van sy begin tot sy einde daar? -- Dit is so.

En is dit so dat daar mense op hierdie vergadering was met UDF T-hemde? -- Dit is so.

Heelparty? -- Ja.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering? Weet

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u? -- Ek het nie so 'n goeie idee nie.

Is dit so dat eerwaarde Fred Hufkie gepraat het op hierdie vergadering? -- Dit is nie so nie.

Behalwe die gassprekers, het daar sprekers opgetree wat plaaslik van Graaff-Reinet was? -- Dit is so, ja.

Ken jy vir eerwaarde Fred Hufkie? -- Dit is so.

Was hy glad nie op die vergadering nie? -- Hy was teenwoordig.

Ken u vir eerwaarde Chris Nissen? -- Dit is so.

Was hy op die vergadering? -- Dit is so.

Die sprekers wat plaaslik gepraat het, wie van hulle ken u? -- Eerwaarde Nissen.

En wie nog? -- Net hy alleen.

Ken u 'n persoon met die naam Pinky Bokwe? -- Dit is so.

Is Pinky 'n skolier of was hy 'n skolier in 1984? -- Dit is so, ja.

Saam met u?-- Dit is so.

Aan watter organisasie het Pinky Bokwe behoort in 1984? -- GRYCO.

Het Pinky Bokwe nie gepraat op die vergadering nie? -- Dit is nie so nie.

Ek wil dit aan u stel hy het gepraat en hy het gesê die studente staan nie saam soos hulle moet saamstem, soos die skoliere nie, want party skoliere wil nog skoolgaan terwyl die ander skoliere in aanhouding is? -- Dit is nie so nie.

Het daar iemand gepraat van Cradock afkomstig? -- Ja, daar was iemand.

Was dit Sipho Ngalo? -- Dit is nie so nie.

Wie het van Cradock af, sê u, gekom om te praat? -- 'n Onderwyser mnr. Goniwe.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het hy vir die vergadering te sê gehad? -- Die belangrikste boodskap van hierdie vergadering was daaroor dat die mense sal moet besluit of hulle nou gaan deelneem aan hierdie verkiesings wat betrekking het op hierdie parlement wat sekere mense nie toelaat om in die parlement te wees nie.

Is dit so dat die persone wat hulle verkiesbaar gestel het as kandidate vir die verkiesing vir die huis van verteenwoordigers is uitgemaak op die vergadering as "puppets" en "sell-outs"? -- Dit is nie so nie.

Is die mense dan geprys? -- Hulle was nie geprys nie.

Wat was van hulle gesê? -- Wat gesê was is dat die mense het hulleself beskikbaar gestel vir die verkiesings en van die mense byvoorbeeld soos Hendrickse het vroeër gesê dat hy nie samewerking kan hê met hierdie goewerment nie. Dit was toe hy uit die tronk was in daardie tyd, maar op hierdie oomblik het hy homself beskikbaar gestel vir die verkiesings, wat dan beteken dat sulke persone nie vir die waarheid kan staan nie. Hulle hou nie vol met dinge wat hulle gesê het nie.

Is daar toe gesê hulle verkoop die ander mense? -- Dit was nie gesê nie.

Was daar op hierdie vergadering seker geskreeu verskeie slagspreuke gedurende die toesprake en tussenin? -- Dit is so, ja.

Amandla Ngawethu, Mayibuye e Afrika en die tipe van ding. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Maar daar is sekerlik gesing ook op hierdie vergadering? -- Dit is so.

Sekerlik nie kerliedjies nie. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En van die liedjies wat gesing was, was Angena Amajoni? -- Ek onthou nie dat ek daardie lied gehoor het nie.

Senzeni na? -- Ek sal nie al die liedere kan onthou nie, maar daardie een Senzeni na onthou ek.

Nkosi Sikilele e Afrika? -- Dit is so.

Die een van Basebanzi Manyanani? -- Dit is so.

En die een oor die geld op die wyse van "Daai Stones", die advertensie op die televisie, die liedjie "Daai geld, daai geld, daai baie geld. Die boere verdien daai baie geld"? -- Ek onthou dit nie.

En die een van "We shall not be moved"? -- Ja, daardie een onthou ek.

En die een van "Walking, walking in the light, in the light of UDF"? -- Ek onthou dit nie.

En die een van "UDF sal nooit verloor. Wat gaan my maak Hendrickse?" -- Ek onthou dit nie.

HOF : Ken u Afrikaans? -- Ja, ek verstaan Afrikaans hier en daar.

Kan u my goed volg? -- Nie so duidelik nie.

MNR. FICK : Die lied "SWAPO shall never be defeated by Botha's regime"? -- Ek onthou nie daardie een nie.

Die een van "SWAPO ulubendi"? -- Ek onthou dit nie.

Nog net twee. "Unzima Lomthwalo"? -- Ek onthou daardie een.

En die een van "Mandela prescribes for freedom. Mandela says freedom now"? -- Ek onthou dit nie.

Ek wil aan u stel dat BEWYSSTUK ABA5 nie op die vergadering is nie, is vals?

HOF : Weet u wat is ABA5?

MNR. FICK : Die pamflet met die "UDF Songs - August 1984."

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek is seker van my getuienis waaroor ek getuig het.

Ek wil aan u stel, die liedere se name wat ek aan u gegee het, wat u sê wat daar wel gesing is asook die ander wat u nie kan onthou nie, kom almal van hierdie BEWYSSTUK ABA5 af? -- Ek was mos nie gevra of daardie bewysstuk by daardie vergadering was of nie.

Was hy daar? -- Dit was nie daar nie.

Ja, maar nou sê ek vir u u ontkenning is vals. Dit was daar? -- Ek is seker oor my getuienis.

Ken u vir Reginald Oliphant? -- Ek ken hom nie.

Was daar enige sprekers van UDF Suid-Kaap se streek? -- Ek onthou nie.

Ek wil aan u stel hierdie Reginald Oliphant is van UDF Suid-Kaap en hy het gepraat op die vergadering? -- Soos ek alreeds gesê het ek onthou nie. Ek ken hom nie.

Dan wil ek dit net aan u stel oor Andrew Borraine. Is dit so dat hy het gesê die mense moet nou verenig onder UDF en UDF sal nou namens die mense in die toekoms praat? -- Ek sal nie alles kan onthou wat daar gesê was nie.

Het Andrew Borraine gepraat oor apartheid en gesê "apartheid must be destroyed"? -- Soos ek alreeds gesê het ek sal nie alles onthou van wat daar gesê was nie.

Weet u of daar gesê is dat as UDF praat van vryheid, "freedom" dan praat hy onder andere ook van vryheid van die leiers soos Mandela en Sisulu? -- Ek onthou nie.

Ek wil aan u stel dat u getuienis dat eerwaarde Fred Hufkie nie op hierdie vergadering gepraat het nie is verkeerd? -- Ek is seker van my getuienis.

Op BEWYSSTUK ABA4 word hy aangegee as een van die gassprekers? U sê hy was op die vergadering. Was daar

enige/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

enige rede gegee waarom die man nie meer gaan praat nie? -- Ek het nie 'n idee nie.

Ek wil met u gaan na 'n ander datum toe, 6 September 1984. Is dit so dat op daardie datum het GRYCO 'n vergadering gehou in die Majestic Saal daar in Kroonvale? -- Ek het nie 'n idee daarvan nie.

Was u nie op hierdie vergadering waar die skoliere gepraat het van die verskillende skole van Spandau Hoërskool en van Asherville Hoërskool en oor die skoleboikot nie? -- Ek onthou nie daarvan nie.

Kom ons kyk of ek u geheue kan verfris. Dit is 'n vergadering waar Joey Gates van die Spandau Hoërskool, David Nontshe van Asherville en Thobile Mbotya namens GRYCO gepraat het? -- Ek onthou nie daarvan nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat is dit wat u nie onthou nie? Dat hierdie mense gepraat het of dat daar so 'n vergadering was? Wat is dit wat u presies nie onthou nie? -- Ek onthou nie dat daar so 'n vergadering gehou was nie.

MNR. FICK : Is daar nooit teruggerapporteer aan GRYCO waar u was van hierdie vergadering waar besluit is dat al die skole se skoliere sal saamstaan en die skole boikot nie? -- Ek onthou nie.

Dan wil ek met u gaan na 4 Oktober 1984. Is dit nie so dat COSAS het in hierdie selfde saal, die Majestic Saal te Kroonvale ook 'n vergadering gehou nie? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar dit is jare terug was ons na verwys.

Dit is 'n vergadering waar eerwaarde Hufkie ook by was? Eerwaarde Chris Nissen het ook weer gepraat? Sipho Koeberg van wie ons netnou gepraat het, het gepraat? Mzwandile Peyi waarvan ons gister gepraat het het ook gepraat? En 'n

swartvrou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

swartvrou met die naam van Yalolo? -- Ek onthou nie van so ŉ voorval nie.

Kan u onthou dat by die vergadering is die onderwysstelsel daar by die Ngoyo Skool gekritiseer en daar is gesê dat hierdie skoolhoof mnr. Mankayi behoort gestraf te word, want hy is ŉ man wat die polisie goedgesind is? -- Soos ek alreeds gesê het, ek onthou nie van so iets nie.

Dan wil ek met u gaan na ŉ volgende datum toe, 21 Oktober. Weet u van ŉ vergadering was op 21 Oktober 1984 gehou is in die Majestic Saal Kroonvale, ŉ GRAFCOM vergadering? -- Ek onthou nie die vergadering nie.

Dit is een waar Oscar Mpetha kom praat het? -- Ek was nie daar nie.

Dan net in die algemeen wil ek vir u vra, is dit so dat daar gedurende 1984 gereeld in die woongebied probleme was tussen inwoners en die polisie? -- Watter tipe probleme?

Daar is klippe gegooi, daar is slote gegrawe oor die pad? -- Daar is nie so iets nie.

Het julle geen moeilikheid met die polisie gehad in 1984 nie, dit is nou afgesien van by die skole? -- Ek onthou nie daarvan nie.

Is dit so dat in 1984 het die hele raad, gemeenskapsraad bedank? -- Dit is waarvan ek gehoor het.

Was daar in 1984 of 1985 enige huurverhogings wat u van weet? -- Dit is so.

Wanneer was hierdie verhogings? -- Dit was iewers in die begin van 1985. Wanneer, op watter stadiumpresies aan die begin dit was, kan ek nie onthou nie.

Was daar nie in 1984 enige huurverhogings nie? -- Ek sal dit nie onthou nie.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar as daar enige drastiese huurverhogings was, dan sou u dit sekerlik onthou het soos u 1985 s'n onthou? -- Dit is so.

Is dit so dat na 1984 het die mense drasties minder huur begin betaal? Daar is net ŉ klein groepie wat nog huur betaal het? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie.

Dan wil ek met u gaan na 15 November 1984. Ken u ŉ persoon met die naam van Sandile Ntcwayi? -- Ek ken hom. Dit is N-t-s-w-a-y-i.

Is hierdie Sandile die broer van Archie? -- Dit is so.

Hierdie Sandile was ŉ lid van COSAS. Is dit reg? -- Dit is so, ja.

En hy was ook ŉ lid van GRYCO? -- Dit is so.

Was hy op die bestuur van GRYCO? -- Ek onthou nie.

Weet u daarvan dat op 15 November 1984 is mnr. Mphephu, die voorsitter van die gemeenskapsraad in Graaff-Reinet se huis aangeval? -- Ek het daarvan gehoor.

Hy is met klippe aangeval die huis? -- Ek het nie ŉ idee van die aanval nie.

Is dit so dat hierdie Sandile is doodgeskiet in die aanval? -- Dit is so, ja.

Terwyl ons by hierdie datum is, ken u ŉ persoon met die naam van Belinda Swart of Swarts, ek is nie seker nie? -- Ja, ek ken haar.

HOF : Is dit Swarts of Swart? -- Swarts.

MNR. FICK : Wie is sy? Was sy ŉ skolier of wat was sy in 1984? -- Sy was ŉ lid van GRYCO.

Dan Melvin of Melvis Peterson? -- Ek ken hom.

HOF : Is dit Melvin of Melvis? -- Melvis.

MNR. FICK : Was hy ŉ lid van GRYCO? -- Dit is nie so nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was hy lid van enige organisasie? -- COSAS.

Joyce Steward, ken u haar? -- Ja, ek ken haar.

Was sy lid van enige organisasie? -- Ek het nie 'n idee nie.

Hierdie man wat daar geskiet is by die huis van raadslid Mphephu is toe begrawe op 25 November 1984. Is dit reg?

HOF : Dit is nou Sandile?

MNR. FICK : Sandile Ntcwayi? -- Ek is nie seker van die datum nie.

Was dit nog steeds in dieselfde maand wat die man begrawe is waarin hy geskiet is? -- Dit is so.

Het u sy begrafnis gaan bywoon? -- Ek het nie die begrafnis bygewoon nie.

Hoekom nie? -- Ek was nie in Graaff-Reinet gewees nie.

Waar was u? -- Ek was in Queenstown.

Wanneer voor 1984 was daar laas huur verhoog gewees in Graaff-Reinet wat u van weet? -- In 1983.

In die begin? -- In die middel.

Weet u met watter bedrag is die huur verhoog in 1983? -- Van R7,43 is die huur verhoog na R16,84.

Was daar enige kampanjes in 1984 aan die gang ten opsigte van huur in Graaff-Reinet? -- Nee, daar was nie.

Was daar geen protesaksies ooit gewees in 1984 in Graaff-Reinet teen die huur nie? -- Nee, daar was nie.

Hoekom ek vir u al hierdie goed vra, u sal sien in BEWYSSTUK W32, dit is in volume 6 op die tweede bladsy van die SASPU National van Desember 1984 die laaste kolom onder die opskrif "Councillors are fleeing from the sinking ship." "In Graaff-Reinet conflict arose between councillors and residents after rents were increased by more than 50%." Wat

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet u daarvan? -- Al wat ek weet is dat die huurgeld was met ȟ groot bedrag verhoog toe dit verhoog was. Ek het net nie ȟ goeie idee daarvan wanneer dit presies was toe dit verhoog is met so ȟ groot bedrag nie, maar dit was nie in 1984 gewees nie.

Ek wil aan u ȟ dokument toon en dan vir u vra of u hierdie dokument ken. Dit is nie ȟ bewysstuk nie. -- Ek onthou nie dat ek so iets gesien het nie.

Ek sal dit dan daar laat. Ek wil aan u twee ander dokumente toon wat op dieselfde onderwerp betrekking het. Ken u enige van hierdie dokumente? -- Ek onthou nie dat ek ooit hierdie twee dokumente vantevore gesien het nie.

Dan ȟ ander aspek, is dit so dat daar aan die begin van 1984 ȟ groep leerlinge van julle skool Ngqweba Skool na Uitenhage toe gegaan het? -- Ek onthou nie.

Hulle het soontoe gegaan vir die stigting van die Uitenhage Youth Congress? -- Ek sal dit nie onthou nie. Indien dit so was, was ek nie daar by nie.

Maar daar is nooit aan u gerapporteer deur òf Spiri Pase òf Peyi òf hierdie Sipho Koeberg òf hierdie Mbotya dat hulle by hierdie stigting was van die Uitenhage Youth Congress nie? -- Ek het nie ȟ idee daarvan nie.

ȟ Laaste aspek, het julle in GRYCO ȟ eie vlag gehad of ȟ banier? -- Dit is so, ja.

Het julle in GRYCO julle eie kleure gehad wat julle gekies het? -- Ja, ons het.

Wat was julle kleure? -- Red, green and gold.

Nie swart, geel en groen nie? -- Nee, daar is nie sulke kleure nie.

Het julle in Graaff-Reinet COSAS baniere en vlae gehad?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, dit is so.

Het julle in GRYCO julle eie leuse gehad? -- Dit is so.

Wat was julle leuse? -- Die leuse het gegaan oor die mense, die jeugdiges, hoe hulle hulleself moet gedra.

HOF : Gee ons net die leuse soos dit was? -- Dit het gegaan oor die gedrag van die jeugdiges tussendie mense as gemeenskap.

Gee ons die bewoording van die leuse? -- Dit is op die manier geskryf soos ek dit noem.

Gee vir ons die presiese woorde? -- Dit is in Xhosa.

Ja, dit maak nie saak nie. -- Indlela Yolutsha Efanele Ukuba Luziphathe Ngayo Phakathi Kwabahlali.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is die leuse op iets geskryf? Byvoorbeeld op jou kleurbaadjie? -- Dit is op 'n vel papier geskryf.

HOF : Wat beteken dit, mnr. Die Tolk? -- Dit is die manier waarop die jeugdiges hulle self moet gedra tussen die inwoners. Dit is al.

MNR. FICK : Ek dink jy vertel nie die waarheid nie. Was die leuse nie sommer net kortweg "Freedom in our lifetime" nie? -- Daar is nie so iets nie.

Ek wil hê u moet kyk na hierdie foto. Dit is 'n foto van 'n klomp wat staan met gebalde vuis en dan hou hulle 'n plakkaat vas.

HOF : 'n Plakkaat of 'n banier?

MNR. FICK : Die ding is op 'n plank vasgemaak in die middel wat nie so duidelik is nie. Die ding is bo wit en dan staan daar "Graaff-Reinet Youth Congress" met 'n kaart van Suider Afrika wat 'n graaf en 'n spies deur het in swart en langs hom is geel, onder is groen en in die groen staan geskryf "freedom in our lifetime." -- Ek dra geen kennis van wat hier

geskryf/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskryf staan nie.

Ken u die mense op die foto? -- Van hulle, ja, ken ek.

Is van hulle lede van GRYCO wat u daar sien? -- Dit is so.

Wie is dit? -- Mzwandile,

Met die van van Peyi? -- Dit is so.

Net duidelikheidshalwe, ek kan nie onthou nie, wat was hy van GRYCO? -- Hy was die president van GRYCO.

Wie nog? -- Nkosi Nathi.

Wat was hy van GRYCO? -- Hy was ŉ lid van GRYCO.

Wie nog? -- Dixie.

Met die van van? -- Solo.

Wat was hy van GRYCO? -- Hy was ŉ lid.

Wie nog? -- Dit is al persone wat ek ken.

Weet u wanneer daardie foto geneem is? Herken u die geleentheid? -- Ek het nie ŉ idee daarvan nie, soos ek alreeds gesê het.

Ek wil u nog ŉ foto weer eens met ŉ klomp mense met voor ŉ banier wat aan stokke is. Bo is hy rooi, dan is hy geel en dan is hy groen en in die middel staan - al wat ek kan uitmaak is "action justice" en die persoon wat die ding vashou het ŉ UDF T-hemp aan en agter hulle volg ŉ ooglopende optog met mense wat ŉ COSAS banier vashou en wat vuis in die lug loop. Ken u hierdie banier? -- Ja, ek onthou die banier.

Wie se banier is dit? -- Dit is GRYCO.

Daardie slagspreuk wat daar staan van "action in justice" wat se slagspreuk is dit nou? -- Ek weet nie, ek het nie ŉ idee daarvan nie, want ek kan my nie voorstel dat ek ooit gesien het dat dit geskryf is nie.

Wanneer was hierdie optog gewees? Weet u iets daarvan af? -- Ek het nie ŉ idee nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek sal vra dat hulle ingaan as BEWYSSTUKKE AAY63 en 64.

HOF : Die foto met die mense wat om die banier staan en op die banier staan "Graaff-Reinet Youth Congress" word AAY63 en die foto van die optog is AAY64.

MNR. FICK : Ek wil net een foto aan die getuie toon. Sien u op die foto daar voor u is 'n groep mense wat daar staan met hulle vuiste in die lug. Daar is iemand met 'n wit lap om die kop. Ek weet nie of dit reg is nie, dit lyk meer soos die stuk kantwerk. Weet u wie dit is?-- Nee, ek weet nie wie dit is nie.

Is dit nie Spiri nie? -- Nee, dit is nie Spiri nie. Die persoon wat aan my getoon word is kort.

Weet u enigiets van daardie geleentheid toe daardie foto geneem is? -- Ek het nie 'n idee nie.

Die persone wat u uitgeken het op die foto's, BEWYSSTUKKE AAY63 en 64, is dit soos hulle gelyk het in 1984 gelyk het?

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. Ons het glad nie die persone geïdentifiseer op die foto's nie. Hoe bedoel u soos hulle gelyk het?

MNR. FICK : Ek probeer vasstel of dit 'n foto is wat ongeveer in 1984 geneem is.

HOF : O, u praat van hierdie foto's wat nou net ingehandig is?

MNR. FICK : Soos die hof behaag.

HOF : Klaarblyklik het hulle so gelyk toe die foto geneem is. Nou wil u weet het hulle in 1984 so gelyk?

MNR. FICK : Ja.

HOF : U meen so jonk of so oud? -- Ek sal nie weet nie.

RE-EXAMINATION BY MR TIP : Miss Sam, just a few questions. You were referred to pamphlet ABA6 and asked about AZASO and

COSAS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COSAS. As far as you know, was there ever an AZASO branch in Graaff-Reinet? -- No, there was none.

Do you remember, my learned friend asked you whether you had advised defence counsel in this matter about people trying to re-register between April and August. Was that something that you had personal knowledge of or was that something that you had heard about? -- That is something I heard about.

Can you tell his lordship approximately when as far as you can recall it was that services were held in Graaff-Reinet on 16 June? Can you say in what year that began? -- I became aware of such services in 1980.

Then you were asked about Sandile Ntcwayi and when he was shot. Did you personally witness that? Were you personally present? -- I was not present.

Then you were shown a document AB29. Could you have a look at that and tell his lordship whether you at any stage in Graaff-Reinet or elsewhere before this trial saw that document? -- I have never seen it.

My lord, I wonder if I might just place on record an observation concerning this document. It was put to the witness that the report concerning Graaff-Reinet must have come from her branch. The document is not dated and there are some indications internally that it appears to have been prepared fairly early in the year 1984. I make mention of that at this stage ... (Court intervenes)

COURT : You can argue that at a later stage.

MR TIP : I merely put it on record as a point. That completes the re-examination.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Juffrou, u het gesê dat by die

klasboikotte/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

klasboikotte toe die kinders op die skoolterrein was, was daar niemand met UDF T-hemde aan nie? -- Dit is so.

Hier was getuienis van mense wat sê hulle het gesien dat die kinders kom skool toe met uniforms aan? -- Dit is so.

Maar dan sê die getuie het hy ook gesien by die skoolkinders het party kinders die bo klere uitgetrek en dan het hulle die UDF hempie onder aan? -- Dit is nie so nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - - -

MR TIP : The next witness is Themba Ngwenya. He will testify on events concerning Boipatong.

THEMBA NGWENYA, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR TIP : Mr Ngwenya, you are a man of 34 years old, married with two children and employed with Marosi Estates in Vanderbijlpark? -- That is correct.

COURT : Is that an estate agent? -- Yes, that is so.

MR TIP : And is it correct that you were born in Boipatong and that you have lived there all your life? -- Yes, that is so.

COURT : What is your address in Boipatong? -- Stand number 868 Ngqika Street.

MR TIP : Do you recall early in 1984 attending a meeting at the Boipatong Hall? -- Yes, I do.

Whose meeting was that? -- Lekoa Town Council.

And were the Lekoa Town councillors present? -- Yes, they were all present.

Without going into any details, would you tell his lordship very briefly the sorts of things that were said at that meeting? -- Yes, I will be able to remember some of the things that were said there.

Things/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Things that were said by the Lekoa town council? -- Yes, that is so.

Please continue? -- In the first place this meeting was called by them to come and introduce themselves as councillors to the residents of Boipatong. At the same time they made mention of some changes that were to take place in the sense of improvements pertaining to services in the township. They also made mention of the pensioners who stand in a long queue waiting for their pays saying that they are going to try their utmost to correct such which created problems for the pensioners. Another thing which was mentioned by them which was important was that the rent is not going to be increased. That is what I can remember.

Did you hear in the course of July or August 1984 that there was to be a rent increase? -- Yes, I heard of that.

And do you recall the amount of the increase as far as it applied to you?-- It was going to be R5,90.

COURT : Per month? -- Yes, per month.

MR TIP : At that stage do you remember what rent you were paying for the house in which you lived? -- It was R67,00 per month.

I would like you to tell his lordship in die briefest way what your personal circumstances were at the time? Were you yourself employed? -- No, I was not employed.

Was your wife employed at the time? -- No, she was not.

Did you have any children at that time? -- Yes, I had one child who was about one year old.

Who was providing the money to pay the rent in your household?

COURT : Or anything else?

MR TIP/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR TIP : Certainly or anything else? -- During that time my mother who was a pensioner was receiving payment from the pension scheme and therefore she was providing food and concerncing the rent I would go and ask for loans from different people in order to pay the rent.

COURT : Were you temporarily out of work? -- No, it was already quite some time that I was without employment.

Years? Months? -- About a year.

MR TIP : And I think you should just tell his lordship to round off this introduction what you felt about the proposed R5,90 increase in the rent? -- To be honest it was going to be very difficult to make a living for that family. The family life was going to be in a very difficult position.

Did you hear that there was to be a meeting on 26 August 1984 at the Anglican church in Boipatong? -- Yes, I heard of it.

Did you know what the subject was to be of that meeting? -- Yes, I knew that the subject of the meeting was to be a discussion with reference to the increase on the rent.

Did you decide and in fact attend that meeting? -- That is true.

Do you recall approximately what time you arrived there? -- It was at about 14h00.

What - where approximately did you - did you go into the hall and sit down? -- Yes, I got in. In fact at the time the hall was already full. I therefore got a seat not far from the entrance. That is the seat at the back.

Could you see what was happening at the front and who was speaking and so on? -- Yes, I did see that.

When you arrived and went into the hall, had the

meeting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meeting started or was the start still to come? -- The meeting had started because there was already a speaker who was busy addressing.

Do you remember who the speaker was? -- Mr Sotso.

What do you remember Mr Sotso to have been saying from the time that you got to the meeting? -- His address was about the increased rent, that this was going to be difficult to quite many people because not everybody is going to be able to afford paying this rent.

Do you recall anything further that Mr Sotso had to say? -- Yes, I do. He made mention for instance of the promises which were made by the councillors. In the many promises they made they also said that there was not going to be - the rent was not going to be increased and this just never happened.

COURT : Do you mean they did not keep their promise? -- Yes.

MR TIP : Did he say anything further about councillors? -- Yes. What he said next was that as a result of that it will be better for them to resign as councillors.

As far as you can recall, did Mr Sotso make any suggestion that the business of councillors should be boycotted? -- No.

Did he suggest in any way that action should be taken against councillors? -- No.

Let me ask you this immediately. Did Mr Sotso or anybody else at that meeting whilst you were there suggest in any way that the people should resort to violence? -- No, nobody ever made mention of fighting.

Do you recall on what note Mr Sotso ended his speech? -- What I can say is, when he said that the councillors

better/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

better step down as councillors, I could hear that the audience in this hall agreed with what he was suggesting.

Did he suggest anything concerning the rent increase? -- No, I do not quite remember.

After mr Sotso had finished, co you recall who spoke

K1315 next? -- Yes, Sekwati Mokoena was die next speaker.

That is accused no. 11.

COURT : That the witness does not know. You will have to let him get up. Is that the man? -- That is the man.

That is accused no. 11.

MR TIP : Was Mr Mokoena, accused no. 11, the chairman of the meeting? -- Yes, he was the chairman.

What did he say after Mr Sotso had finished? -- What happened is this. Sotso was addressing this meeting in Xhosa. After he had finished with his address, Mr Mokoena accused no.11 got up and in Sotho gave a brief summary of what what said by Sotso in Xhosa.

I would not ask you to repeat that summary but I would ask you to go on to the next speaker that you can recall after Mr Mokoena had given the summary. Do you recall who spoke next? -- A certain lady, we were told what the name of that lady was, which I now cannot remember what her name is.

Do you recall from where she was? -- Yes, I do because this person said she had attended a meeting in Sebokeng the previous day. I therefore remember that she was from Sebokeng.

Did she tell you anything further about that meeting that had been held the previous day? -- What she said was that at this meeting the residents of Sebokeng made it clear that they do not understand as to what the justification was for the increase on the rent and they further made it clear

that/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

that this increase on rent was going to be a burden to the people and to symbolise that this was going to be a burden they are therefore not going to go to work. That would be on 3 September. After having said that, then the next person raised her hand. This person was given the opportunity to speak, who in speaking said that I understand ... (Court intervenes)

COURT : Was it a man or a woman? -- I do not quite remember whether it was a man or a women, but this person spoke seconding what this woman had said. In the sense that for instance a speaker having said something, then somebody gets up and say "Yes, I agree with what you are saying or what you are suggesting." That was the kind of thing that happened there in the church.

Yes, but now, had the lady made any suggestion? -- She was telling us about the decision in Sebokeng as to what the decision was at the end.

If somebody then gets up and says "I agree", what does that mean? -- That means what whoever gets up there after this was said and said "I agree" means that "I agree with the people in Sebokeng on what they have decided.

MR TIP : Just to be clear, is this person who refer to now someone who spoke from the audience or is it someone who spoke from the platform at the front of the hall? -- This person got up from the audience, from amongst the audience there.

Do you recall whether there were further speakers at that meeting who spoke from the front of the hall, at the platform? -- Yes, I do recall that. It was another lady.

Do you recall this lady's name? -- No, I cannot remember

what/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

what her name was.

Do you recall the essence of what she had to say to the people on that occasion? -- Yes, she was also talking about the rent as to how much of a burden it was, saying then to the women they as women will have to unite because the increase on rent does not only affect their men, it affects them as well and their children and they therefore have to unite in respect of that. In her address she even made mention of an organisation that was in the Vaal. I do not know the name of the organisation. Well, all I remember is that it was an organisation for women.

After this lady had finished, do you recall what happened next at that meeting? -- Just like it happened in the case of the previous woman, somebody, a man or a woman, got up and supported what was being said in the sense of saying "I quite agree and I understand your point."

Did the chairman, Mr Mokoena, take the floor again? -- Yes, he did. He got up saying that we now shall have to take a decision or decisions about what had been said by the speakers.

COURT : And then what happened? -- I do not remember the sequence of the resolutions, but I remember him asking the audience what their feeling was on this that the councillors are to step down from their positions.

Yes? -- Everybody present there agreed that that be the resolution of this meeting.

MR TIP : Continue, please, as you remember it? -- Also this that the increase on the rent is not to be paid was said. As a result of which then everybody there present agrees with the resolution that the increase on rent should not



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

be paid. After the resolution by the house that we do not pay the increase on the rent, a certain lady there came up with a suggestion saying "It would not help us going to the office to tell them that we are not paying the increase, because they are going to send you back. The best for us to do is, just not to pay rent at all", which suggestion was accepted by the house and therefore ended being the resolution now about the rent. Another resolution of this meeting was that we do not go to work on 3 September as an indication of complaining about the increase of the rent. After that resolution a certain man got up there with the suggestion that it does not help us a thing to just stay at home and do nothing, because those concerned will also sit back and look at what we are doing. The best for us to do is to meet at the square from where we are going to march to Houtkop on which everybody agreed and therefore the meeting resolved that we meet at the square and proceed to Houtkop.

Was anything said about what was to happen at Houtkop? -- Yes, it was said. Mr Sekwati, accused no. 11, said because we have a committee here of which committee he was a member, he suggested on arrival at Houtkop only the committee is going to hold talks with the councillors in their offices and the rest of the people shall have to wait outside. What happened further is, Mr Sekwati asked the meeting if they accepted the present committee as it is or was the feeling that they wanted to elect other people as the committee or were they of the opinion that hey are going to choose other people to add to this committee.

What did the people decide? -- The decision by that

meeting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meeting there was that they were going to add some more people to the present committee members.

And were additional people elected? -- Yes. I was one of those who were elected in addition to the existing committee members.

COURT : What name did this committee have at the time? -- It had no particular name except to say it was the Boipatong Residents committee, I mean a committee formed from the residents of Boipatong.

MR TIP : Did you remain a member of this committee that you had been elected on to? -- When I came home that evening, I mentioned my having been elected as an additional member to the existing committee to my people, namely my mother at home who was very much against it and said to me "How can you allow yourself to be elected to that committee knowing very well that we are the people who are having problems, in the sense that we sometimes do not have money to pay rent and if you are serving in a committee like that, that will mean that they are going to victimise us in the house whenever we are in arrears with the rent." So, because of the dissatisfaction of my mother she expressed to me, I the following day went to Mr Mokoena and told him about that.

COURT : That is now accused no. 11? -- Yes. He understood my problem and accepted that in a good spirit. That I am saying because he said to me "Fine, if that be the case, you can stop your membership or terminate it temporary or for some time until the circumstances allow you again to rejoin then. You are welcome to do that."

MR TIP : I just want to ask you before the time of adjournment comes one or two final aspects about the meeting of



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

26 August. I had made mention of a platform. Was there in fact a platform as such in this hall that the meeting took place? -- No, it was not a platform. There was just a small table there.

And do you recall who the people were who were at the table? -- Sekwati Mokoena, that is accused no. 11 and Peter Mohapi.

Do you recall whether any songs were sung in the course of this meeting? -- I only recall a song at the beginning and at the end of the meeting, not during the proceedings of the meeting.

And when the meeting came to an end, could you describe very briefly in what manner did it come to an end? How did the people disperse? -- We parted company there everybody going home without any incidents. Everybody being satisfied about that had been said in this meeting.

COURT ADJOURNS TILL 22 APRIL 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.